Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# PUBLIEKE ADMINISTRASIE N5

(21010035)

**18 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

# DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae deeglik deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Belangegroepe het 'n groot uitwerking op die bepaling van openbare beleid.

1.1.2 Die Minister is die staatshoof.

1.1.3 Politieke ampsdraers is nie aanspreeklik teenoor enigiemand vir die uitvoering van hul pligte nie.

1.1.4 Kommunikasie beteken die oordrag van gesag aan ondergeskiktes.

1.1.5 Omvang van beheer ('span of control') beteken 'n groot aantal toesighouers wat deur ondergeskiktes bestuur word.

1.1.6 Delegasie beteken 'n groep mense wat saamwerk om 'n gemeenskaplike doel te bereik.

1.1.7 Die parlement het die gesag om die begroting goed te keur of te verwerp.

1.1.8 'n Rekeningkundige beampte word ingevolge die Wet op die Staatskas.

1.1.9 Regstellende optrede gee voorkeur aan voorheen aangewese groepe om in sekere poste aangestel te word.

1.1.10 Proeftyd impliseer dat personeel vir 'n sekere tydperk getoets word.

(10 × 1) **[10]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Die salarisskaal moet buigsaam en aanpasbaar wees. | A | outonomie |
| 1.2.2 | Dit woord ook positiewe diskriminasie genoem. | B | hoofbegroting |
| 1.2.3 | Die bevoegdheid om eie besluite te neem | C | begroting |
| 1.2.4 | Bestaan uit alle huidige uitgawes, kapitaaluitgawes en oordragbetalings | D | elastisiteit |
| 1.2.5 | Dit het twee betekenisse: rekeningkunde en gehaltebeheer | E | regstellende optrede |
| 1.2.6 | Uiteensetting van die doelwitte wat bereik moet word en fondse wat aangevra moet word | F | Konstitusionele Hof |
| 1.2.7 | Die verpligting om 'n taak tot voordeel van die hele organisasie uit te voer | G | verantwoordingspligtig-heid |
| 1.2.8 | Hierdie funksies word verrig om effektiwiteit en doeltreffendheid te verbeter | H | burgemeester |
| 1.2.9 | Die hoof van die plaaslike owerheid | I | ouditering |
| 1.2.10 | Geskille oor grondwetlike aangeleenthede tussen staatsorgane | J | programbegroting |
| | | K | verantwoordelikheid |
| | | L | aanvullende funksies |
| | | M | Hoogste Hof van Appèl |

(10 × 2) (20)

1.3 Gee EEN woord of term vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Hierdie vlak bestaan uit verskeie munisipale rade, elkeen met sy eie vlak.

1.3.2 Elke werker of beampte moet een direkte toesighouer of baas hê.

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

1.3.3 Dit word ook die huidige regering ('government of the day') genoem.

1.3.4 Maak die wette van die land.

1.3.5 'n Denkaktiwiteit wat die individu of groep se verbeelding, logika en visie behels.

(5 × 2) (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Bespreek die rolle van die volgende rolspelers wat by die maak van beleid betrokke is:

2.1.1 Koerante en ander media

2.1.2 Wetgewende instellings

2.1.3 Kommissies van ondersoek

(3 × 4) (12)

2.2 Bespreek die DRIE hoofkategorieë van delegering onder die volgende opskrifte:

2.2.1 Die mandaat

2.2.2 Die beginsel van dekonsentrasie

2.2.3 Desentralisasie van funksies

(3 × 4) (12)

2.3 Watter rol speel die Minister van Finansies in die begrotingsproses? (4 × 2) (8)

2.4 Die salarisse van werknemers moet aan sekere vereistes voldoen ten einde deur die werknemers aanvaar te word.

Noem en beskryf VIER van hierdie vereistes. (4 × 2) (8)
**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 3**

3.1 Noem en beskryf kortliks VYF kenmerke van openbare beleid. (5 × 2) (10)

3.2 Daar word aanvaar dat geen organisasiestelselmodel by alle instellings sal pas nie. Mens kan egter na drie onderskeidende stelsels verwys wat oor 'n tydperk ontwikkel het.

Bespreek die volgende DRIE onderskeidende stelsels wat in instellings gebruik word:

3.2.1 Die lynstelsel

3.2.2 Die funksionele stelsel

3.2.3 Die lyn-en-personeel-organisasie

(3 × 4) (12)

3.3 Bespreek die VYF faktore wat die aantal kandidate vir poste in die staatsdiens beperk. (5 × 2) (10)

3.4 Noem die VIER kenmerke van die staatsbegroting. (4 × 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 4**

4.1 Verskeie eksterne faktore kan beleidsrigting van staatsbeheer beïnvloed.

Bespreek SES sulke faktore. (6 × 2) (12)

4.2 Volgens die klassieke klassifikasieteorie kan instellings in vier hoofkategorieë gegroepeer word.

Noem en verduidelik hierdie VIER kategorieë. (4 × 2) (8)

4.3 Noem die SES punte wat mens in gedagte moet hou wanneer 'n nuwe werknemer by die nuwe werkomgewing aansluit. (6 × 2) (12)

4.4 Wie was voor mnr Thabo Mbeki die staatshoof? (2)

4.5 Noem en beskryf die DRIE sfere van die Suid-Afrikaanse regering. (3 × 2) (6)

**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 5**

5.1 Beskryf die interne faktore wat in 'n staatsinstelling teenwoordig is wat die wyse waarop beleid gemaak word, beduidend kan beïnvloed. (5 × 2) (10)

5.2 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank is die bank van die staat. Noem hierdie bank se verantwoordelikhede. (5 × 2) (10)

5.3 In enige organisasie sal daar mense met griewe wees, werklike of denkbeeldige griewe.

Verduidelik die korrekte prosedure wat mens moet volg om 'n grief op te los. (5 × 2) (10)

5.4 Wie is die huidige Ouditeur-Generaal en beskryf VIER van sy verantwoordelikhede. (5 × 2) (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou